Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Nommer 3, Jaargang 1 14 - 20 Februarie 2025 www.pretoria

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

Laai af en deel op al jou Whatsapp-groepe

Afrikaners se TRUMP-KAART

Dirk Hermann: Afrikaners nie bannelinge in eie land
Bladsy 2

Orania oor Trump se bevel Bladsy 3

Tolgeld gaan styg
Bladsy 14

Bobby eersdaags op die planke in musiekblyspel
Bladsy 15

Dinamika FINANSIËLE DIENSTE

Beleggings
Beleggingsbeplanning
Testamente

Korttermynversekering
Lewensversekering
Boedelbeplanning

Aftreebeplanning
Bereddering van boedels

0861 846644 | admin@dinamika.co.za | www.dinamika.co.za

Afrikaners wil nie bannelinge in eie land wees

Donald Trump. (Foto: X)

Redaksie

"Ons besef nog nie hoe histories die gebruik van die woord 'Afrikaner' in die uitvoerende bevel [van die president van die VSA, Donald Trump] is nie." Op 'n vraag van Nuusweek het die bestuurshoof van Solidariteit, dr Dirk Hermann, gesê die diplomatieke stryd tussen die VSA en Suid-Afrika, en die VSA en die res van die wêreld, gaan oor reuse-globale kragte, en Afrikaners is skielik in die middel hiervan.

"Ons klein Westerse gemeenskap het deel geword van groot debatte. Trump ontwrig politieke korrektheid en daag die bestaande bestel en opvattings uit met nuwe idees. Hy maak die wêreldorde vloeibaar. Die nuwe werklikhede skep nuwe geleenthede, en ons as Afrikaners moet dit aangryp," sê Hermann.

Trump het die afgelope week 'n uitvoerende bevel onderteken wat onder meer finansiële hulp van die Suid-Afrikaanse regering weerhou en dit vir Afrikaners moontlik om vir asiel in die VSA aansoek te doen.

Intussen het Solidariteit gesê hulle sal 'n versoek aan Trump stuur om voort te gaan met druk tot Suid-Afrikaanse raswette verwyder is. Daar sal ook voortgegaan word met voortdurende skakeling met G20-lande, en regsaksies sal gevoer word teen regeringsprogramme wat op ras gebaseer is.

"Hulle (die regering) moenie geskok wees as hulle rassebeleid internasionale druk en veroordeling tot gevolg het nie, want dit is verkeerd en dáárom word dit veroordeel. Suid-Afrikaanse werkers verdien wesenlike en volhoubare groei wat 30 jaar lank deur raswette belemmer is en ekonomiese stagnasie tot gevolg gehad het, wat ons almal in die land armer gemaak het.

"Daarom doen ons 'n beroep op lede en ondersteuners om saam op te staan teen rasmalheid. Ons boodskap is dat dit nooit as normaal aanvaar mag word nie," sê Hermann.

Hermann sê verder daar is bevryding in die idee dat Afrikaners kan kies om weg te vlug uit 'n gevoel van gevangenskap in hulle eie land. "Meeste mense gaan kies om hier te bly, maar hulle smag steeds daarna om nie 'n banneling in eie land te wees nie."

Volgens Hermann is vlugtelingstatus nie eenvoudig nie en sal dit net vir enkeles 'n antwoord wees. "Trump se erkenning kan net waardeer word. Ons moet egter nog groter dink. Byvoorbeeld vryheid aan die suidpunt van Afrika."

Orania aan Trump: Help ons hier

'n Grafiese voorstelling van die ontwikkeling wat in Orania beplan word. (Foto: Verskaf)

Redaksie

Orania se grootste behoefte is aan erkenning. Die uitvoerende hoof van die Orania Beweging, Joost Strydom, sê die president van die VSA, Donald Trump, se verwysing na Afrikaners in sy uitvoerende bevel het 'n "reuseruimte oopgebreek vir die erkenning van Afrikaners as 'n etniese groep". Strydom sê die volgende stap is om erkenning vir grondgebied vir Afrikaners verkry. "Afrikaners wil nie vlugtelinge wees nie. Ons is lief vir, en verbind tot, eie bodem. Ons is ewe veel verbind aan Afrika as die ander volke wat in Afrika woon."

Volgens Strydom is 'n eie gebied vir Afrikaners reeds in die 1990's deur die parlement erken en was die voormalige regering en die ANC ondertekenaars van die akkoord oor Afrikanerselfbeskikking.

Strydom sê Orania glo in die oplossing van politieke vryheid vir alle volke. "Daarom glo ons ook dat ons as 'n unieke volk daardie reg het. Die Orania-oplossing prioritiseer erkenning en eie besluitneming en gun dus dieselfde geleenthede vir ander."

Drie afvaardigings binnekort na VSA

James Kemp

Ten minste drie afsonderlike afvaardigings vanuit Suid-Afrika sal in die komende tyd besoek aan die VSA aflê om gesprekke oor die stand van sake te voer. Die een sal onder leiding van president Cyril Ramaphosa wees. Ramaphosa het in sy staatsrede aangekondig dat hy in aanloop tot die G20-beraad met verskeie regerings diplomatieke skakeling wil aanknoop.

Die tweede afvaardiging bestaan uit verteenwoordigers van die DA wat, volgens die party se Gauteng-woordvoerder, Louise Powell, reeds 'n geruime tyd met verteenwoordigers in die VSA skakel.

Die DA wil onder meer aan dié verteenwoordigers die stappe kommunikeer wat van binne die Regering van Nasionale Eenheid gedoen word om goeie betrekkinge tussen Suid-Afrika en die VSA te verseker.

Die DA sê die verbrokkeling van die verhouding tussen Suid-Afrika en die VSA kan toegeskryf word aan die regering se deelname aan gesamentlike militêre operasies met Rusland en China, en die vervolging van Israel by die Internasionale Geregshof.

Die derde afvaardiging bestaan uit verteenwoordigers van die Solidariteit Beweging, wat sal insluit die organisasie se voorsitter, Flip Buys, en die hoof van openbare skakeling by Solidariteit, Jaco Kleynhans. Dié skakeling vorm deel van Solidariteit se veldtog om optrede teen rasgebaseerde wetgewing in Suid-Afrika te verskerp.

Twee Amerikaanse departemente werk aan humanitêre proses vir Afrikaners

Die Amerikaanse departemente van buitelandse sake en binnelandse veiligheid is besig met 'n gesamentlike proses om humanitêre verligting vir Afrikaners wat slagoffers van onregverdige rassediskriminasie is te verseker.

Dié aankondiging is kort te vore op die webblad van die VSA se ambassade in Suid-Afrika gemaak. Volgens die kennisgewing sluit die proses die oorweging van aansoekers se geskiktheid vir hervestiging in.

Die aankondiging volg ongeveer 'n week nadat die Amerikaanse president, Donald Trump, 'n uitvoerende bevel onderteken het wat finansiële hulp aan Suid-Afrika opskort en dit vir Afrikaners moontlik maak om vir vlugtelingstatus aansoek te doen.

Roodt sê: verhoog tolgeld, maar verlaag dan belastings

Mari Oosthuizen

Tolgeld word vanaf 1 Maart met 4,84% verhoog. Dit is laer as die prysverhoging van 6,25% wat verlede jaar deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) aangekondig is. SANRAL se algemene bestuurder vir kommunikasie, Vusi Mona, sê dit is nodig om die tolgeld te verhoog sodat tolpaaie in stand gehou kan word.

"Die fondse is nodig sodat SANRAL kan voldoen aan sy mandaat om seker te maak dat die land se paaie waarde toevoeg tot die lewens van Suid-Afrikaners," sê Mona.

Wat in SA gebeur het, is dat tolpaaie eintlik 'n verhoging in belasting is.

Die hoofekonoom van die Efficient-groep, Dawie Roodt, sê dit is 'n goeie ekonomiese beginsel dat die verbruiker betaal vir iets wat hy gebruik.

"Daar is 'n paar funksies wat die staat moet verrig, en mens kan argumenteer dat die staat veronderstel is om infrastruktuur te verskaf. Dan kan hy natuurlik verskeie bronne gebruik, waar die beste bron waarskynlik die sogenaamde 'user charge'-beginsel is."

Maar, voeg Roodt by, dit is dan belangrik dat die diens waarvoor die verbruiker betaal, reg geprys is, en dit is kritiek dat die geld nie vermors word nie.

Dawie Roodt. (Foto Verskaf)

"Wat in SA gebeur het, is dat tolpaaie eintlik 'n verhoging in belasting is. In die verlede het die gewone belastingbronne die paaie gefinansier, en bestaande infrastruktuur is in tolpaaie omskep. Dit beteken in wese niks anders nie as 'n verhoging in belasting," sê Roodt.

Nog geregtigheid vir Raygun geëis

Mari Oosthuizen

Die DA eis ook nou geregtigheid nadat die vrylopende bobbejaan, Raygun, sowat 'n week gelede deur 'n groep skoolkinders van Delmas wreed doodgemaak is.

Die party se woordvoerder vir maatskaplike ontwikkeling in Mpumalanga, Annerie Weber, sê hulle verwelkom die Nasionale Dierebeskermingsvereniging (NDBV) se aankondiging dat hulle die voorval gaan ondersoek.

Die bobbejaan het vinnig bekendheid verwerf in Pretoria vanweë sy wandelinge, en ná sy wrede dood is 'n petisie teen dieremishandeling begin.

Raygun. (Foto: Facebook)

Hy was volgens The Owl Rescue Centre op pad terug na die natuur toe hy by die Botleng Secondary School in Delmas deur skoolkinders geskop, geslaan en met klippe gegooi is, waarna hy aan die brand gesteek is.

Weber sê afgesien van die wet wat dieremishandeling onwettig maak, is daar ook die Wet op Natuurbewaring van 1974 wat dit onwettig maak om bobbejane in Suid-Afrika dood te maak. Sy sê die DA doen ook 'n beroep op die Mpumalanga-onderwysdepartement en die Toerisme en Parke-agentskap om kennis te neem van die voorval, en meen hulle moet toesien dat kinders die nodige opleiding kry oor die belangrikheid van diere.

Hy is op die Owl Rescue Centre se eiendom onder 'n maroelaboom begrawe.

Sol-Tech brug word in gebruik geneem

Sol-Tech se 40 meter lange brug wat die kampus met die Plaashuis (Sol-Tech se koshuis) verbind, is dié week in gebruik geneem. Die brug is tussen 5 en 8 Desember verlede jaar aanmekaar gesit, en verseker dat studente veilig die besige Solomon Mahlangu-rylaan kan oorsteek.

Nadat die brug in Desember opgerig is, was daar nog werk wat aan die trappe aan weerskante van die brug, die finale sekuriteit en die handrelings gedoen moes word om veiligheid te alle tye te help verseker. Dié werk is die afgelope week afgehandel, en daarna kon studente die brug in gebruik neem. Ryan Puckle, 'n megatronika-student, sê dat hy nie die voetslanery padlangs al met die besige en raserige Solomon Mahlangu-rylaan gaan mis nie. "Ek geniet dit om oor die brug na die kampus te stap en die uitsig wat die brug bied, is baie mooi. Ek kan nou binne 5-10 minute, afhangende saam met wie ek loop, van die kampus tot in my koshuiskamer beweeg."

Volgens Paul van Deventer, besturende direkteur van Sol-Tech, is die veiligheid van Sol-Tech se studente die hoogste prioriteit. "Solomon Mahlangu is 'n baie besige pad en ons was bekommerd oor die koshuisstudente wat daagliks van die Plaashuis na die kampus moet stap." Van Deventer sê verder dat, hoewel die kostes verbonde aan die brug hoog was, dit nooit vergelyk kan word met die koste van 'n lewe nie. "Nou kan ons met 'n geruste hart weet dat ons studente en personeel te alle tye veilig heen en weer kan beweeg."

SOE: Eskom-werknemers manipuleer glo verkrygingsprosesse

Redaksie

Die Spesiale Ondersoekeenheid sê hy het 'n bedrogspul blootgelê waarin Eskom-werknemers verkrygingsprosesse gemanipuleer het om meer as R1-miljard te steel.

Dit is gedoen deur van kleiner kontrakte gebruik te maak waarvoor daar nie dieselfde streng oorsig is nie. Hierdie beweerde ongerymdhede is in die omstrede Fivaz-ondersoek uitgelig.

Volgens die SOE se Andy Mothibi was sommige bestuurders en senior amptenare by die kragvoorsiener aandadig hieraan.

Mothibi het aan die parlement se staande komitee oor openbare rekeninge (SKOOR) gesê dat sommige transaksies na-ure gedoen is om die opsporing daarvan te bemoeilik. Volgens die SOE is hierdie kleiner kontrakte misbruik vir korrupte aktiwiteite.

Tot op hede kon die ondersoekeenheid 35 Eskom-werknemers identifiseer wat R180-miljoen in gunslone ontvang het.

Mothibi wou nie voor SKOOR 'n mening uitspreek oor of die voormalige uitvoerende hoof van Eskom, André de Ruyter, reg of verkeerd opgetree het deur die Fivaz-ondersoek te laat doen nie, maar het wel gesê dat die ondersoek nie self deur Eskom se direksie goedgekeur is nie.

ONYX
Income+

GUIDED BY EXPERIENCE

KONSTANTE
Dubbelsyfer opbrengste

14.20% Konstante Groei

Dubbelsyfer Opbrengste

100% Van jou kapitaal belê
Aanvangsfooie word deur ons geabsorbeer

Diversiteit oor ons private-ekwiteitsbates

Dividendbelasting
0% Besighede
20% Individue

HOOF KENMERKE

- 14.20% Jaarlikse Opbrengs
- Minimum bedrag: R 100 000
- Dividende maandeliks betaal
- Klas J voorkeuraandeel
- T&V Geld

Die ONYX Income+ Fund van Everest Wealth bied 'n uitstekende beleggingsgeleentheid vir individue en maatskappye wat maandelikse inkomste in die vorm van dividende soek, sonder die onmiddellike behoefte aan toegang tot hul kapitaal oor die 5-jaar beleggingstermyn.

- Alle beleggingsaanvangsfooie word deur die fonds geabsorbeer, wat toelaat dat 100% van jou belegging van dag een af groei.
- Datum van dividendverklaring is die 1ste van elke maand.
- Datum van dividendbetaling vind plaas tussen die 1ste en 8ste dag van elke maand.



Everest WEALTH

Everest Wealth Management (Pty) Ltd registrasienommer 2002/004025/07, 'n Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer (FSP 795).

THYS VAN ZYL

Entrepreneur and Motivational speaker

Thys Van Zyl is a dynamic and accomplished entrepreneur, financial expert, and thought leader in South Africa. With over two decades of experience in the business world, Thys has made a significant impact on the financial and entrepreneurial landscape, both locally and internationally.

BOOKINGS & TOPICS

- **31 Years of Politics and economy:**
  90 Min
- **Different: Life and Money:**
  90 Min
- **Introduction to Entrepreneurship:**
  90 Min
- **Sing when you're Winning & Never give up:**
  90 Min
- **Parallel Summits "Mastering the art of Money "Includes book signing:**
  90 Min

CONTACT:

Bookings@vzgconsult.co.za

Parallel Summits "Mastering the art of money"

R280 each

Order Now

www.parallelsummits.co.za



DIE SEUNSE WEENKOOR WEER IN AKSIE

Die koor van selfaangewese pryssangers van die regering, bestaande uit dr Piet Croucamp, Max du Preez, Adriaan Basson, Pieter du Toit en enkele ander, het die afgelope twee weke weer lustig aan die sing gegaan.

Die oudkoerantman Tim du Plessis het hierdie koor al 10 jaar gelede die Seunse Weenkoor gedoop.

Dié keer sing hulle nie soseer om die regering te prys nie, maar hulle ween oor elke stem wat kommer uitspreek oor die realiteit van onteiening sonder vergoeding en 'n magdom raswette – meer as tydens die apartheidsjare. Stemme wat die afgelope aantal jare opgegaan het en tot so 'n mate hoorbaar geraak het dat die administrasie van president Donald Trump daarvan kennis geneem het en dit goed gedink het om 'n uitvoerende bevel daaroor uit te vaardig.

Hulle wil hulle lesers en toehoorders oortuig dat Suid-Afrika eintlik 'n utopie is. Dat ons 'n regering het wat bereid is om in komplekse internasionale diplomatieke omstandighede die regte ding te doen en nie handelsvennote te vervreem nie. Dat korrupsie en misdaad onder beheer is en dat ons 'n land is waarin niemand uitgesluit word omdat hy of sy dalk te wit of te donker is nie. Dat eiendomsreg veilig is en dat ons eintlik niks het om ons oor te bekommer vir die toekoms nie.

Die Seunse Weenkoor rouklaag dan oor die bevel wat verlede week deur president Trump uitgevaardig is, en sonder Solidariteit en AfriForum uit as die twee stouterds wat dit durf waag het om vir die wêreld te vertel dat eiendomsreg in Suid-Afrika onder druk is, dat die ANC al meer raswette deurgevoer het as die Nasionale Party, en dat die ANC hom nie steur aan die vervreemding van handelsbande wat veroorsaak word deur sy oorregulering van die ekonomie, korrupsie en vriendskappe met Iran, China, Hezbollah en Hamas ten koste van lank bestaande handelsbetrekkinge met die Weste nie.

Teen September verlede jaar was 9101 van die net meer as 20 000 huurarbeidereise wat teen 2001 ingestel is, nog nie afgehandel nie.

Dr Piet Croucamp het selfs in 'n onderhoud met die aanlyn nuusdiens van Izak du Plessis, Nuuspod, te beweer dat mense wat kla oor bogenoemde, in der waarheid eintlik net dom is.

Dr Croucamp, Max du Preez en hulle medekoorsangers gaan uit hulle pad om hulle toehoorders te oortuig dat die Onteieningswet wat President Cyril Ramaphosa verlede maand sonder die medewete van sy koalisievennote onderteken het, eintlik niks verander nie en dat die enigste grond wat teen nul vergoeding gevat kan word, grond is wat deur die eienaar prysgegee is en onbenut lê.

Dis vreemd dat mense wat so hoog opgee oor die domheid van diegene wat nie soos hulle dink nie, dikwels self die mees basiese leesfoute maak.

Artikel 12(3) van die Onteieningswet bevat 'n stel omstandighede waaronder die aanbied van nul vergoeding volgens die wet geregverdig is. As iemand grond vir 'n belegging gekoop het en nie aktief daarop boer nie, maar die grond bloot hou om dit teen 'n wins te verkoop, magtig die wet die staat om die grond te neem teen nul vergoeding.

Nog meer onrusbarend is dat artikel 12(4) die staat magtig om grond waarop 'n eis deur huurarbeiders (soos beskryf in die Wet op Beskerming van Huurarbeiders se grondbesitregte) ingestel is, ook teen nul vergoeding te vat.

Teen September verlede jaar was 9101 van die net meer as 20 000 huurarbeidereise wat teen 2001 ingestel is, nog nie afgehandel nie. Dit is 'n magdom eise wat oor 'n magdom hoeveelheid eiendomme strek. Die Onteieningswet magtig die bepaling van nul vergoeding nou as "billik en regverdig" sodat hierdie eise vinnig afgehandel kan word.

In my 15 jaar lange betrokkenheid by die regstryd van boere uit Zimbabwe was ek verstom om in daardie land te sien hoe vele pryssangers van die korrupte bewind van Robert Mugabe en nou Emmerson Mnangagwa letterlik oogklappe aansit en die vergrype miskyk asof dit nie bestaan nie.

Ons kan aanvaar dat die Seunse Weenkoor in die jare wat kom daardie oogklappe sal aanhou en sal voortgaan om die boodskappers te blameer vir die booshede wat die regering aanvang.

Spies is verbonde aan die prokureursfirma Hurter Spies Ing en die uitvoerende voorsitter van Pretoria FM se direksie.

DIE WÊRELD IN 'N LEIERSKAPSKRISIS: VERSTAAN TRUMP BINNE HIERDIE KONTEKS

Internasionale perspektief

Jaco Kleynhans

Daar heers tans 'n globale onvergenoegdheid met politieke leierskap. Hoewel dit makliker is om die tevredenheid met leiers in demokratiese lande te meet as in outoritêre, geslote lande, is dit duidelik dat daar ontevredenheid veral met leiers in oop, demokratiese lande is.

Die uitslag van peilings wat verlede week deur die Amerikaanse peilingsagentskap Morning Consult in 24 van die grootste, vernaamste demokrasieë gedoen is, waarvan die meeste ook deel van die G20 is, dui daarop dat staatshoofde in veral groot, ontwikkelde demokrasieë baie ongewild is.

Heel onder aan die lys is eerste minister Petr Fiala van Tsjeggië. Net 16% van sy land se burgers is tevrede met sy werksprestasie. In Suid-Korea is net 17% tevrede met president Yoon Suk Yeol, wat onlangs in 'n staat van beskuldiging geplaas is. In Frankryk is net 18% van burgers tevrede met president Emmanuel Macron, in Duitsland net 20% met kanselier Olaf Scholz, in Kanada net 22% met eerste minister Justin Trudeau, in Oostenryk net 24% met kanselier Karl Nehammer, in Japan net 25% met president Shigeru Ishiba, in die Verenigde Koninkryk net 27% met eerste minister Keir Starmer, in Noorweë net 30% met eerste minister Jonas Store, in Brasilië net 33% met president Luiz da Silva, in Spanje net 33% met eerste minister Pedro Sánchez en in Turkye net 33% met president Recep Erdogan.

Daar is verskeie redes vir die uiters lae vlakke van steun wat al hierdie staatshoofde geniet. Dit hou veral verband met groot onsekerheid oor die toekoms, burgers wat voel dat die kloof tussen die politieke elite en gewone mense te groot raak, die gevolge van massa-immigrasie en daarmee saam demografiese veranderinge en geopolitieke krisisse.

Volgens Freedom House, die voorste organisasie wat jaarliks die stand van demokrasie oor die wêreld heen monitor, was daar in 2005 laas meer lande waar demokrasie versterk het teenoor die getal lande waar demokrasie agteruitgaan. Die afgelope 19 jaar is demokrasie wêreldwyd aan die agteruitboer. Dit is nie net die gevolg van militêre staatsgrepe in gebiede soos die Sahel-streek van Afrika en die versterking van bestaande outoritêre regerings in lande soos Rusland, Venezuela, Mianmar en China nie, maar ook 'n verlies aan vertroue in sterk demokratiese, ontwikkelde lande wat dié agteruitgang bewerkstellig. Sonder visionêre leierskap gaan hierdie probleem nie reggeruk word nie.

Die groot Amerikaanse staatsman Henry Kissinger het in sy boek oor leierskap wat kort voor sy honderdste verjaardag verskyn het, soos volg geskryf: "Leierskap is uiters noodsaaklik tydens oorgangstydperke, wanneer waardes en instellings hul relevansie verloor en die buitelyne van 'n waardige toekoms in omstredenheid verkeer. In sulke tye word leiers versoek om kreatief en diagnosties te dink: Wat is die bronne van die samelewing se welstand? Van sy verval? Watter erfenisse uit die verlede moet bewaar word, en watter moet aangepas of mee weggedoen word? Watter doelwitte verdien toewyding, en watter vooruitsigte moet verwerp word, ongeag hoe aanloklik dit mag wees?"

Die wêreld verander tans vinniger as gedurende die voorafgaande drie dekades

Die wêreld verander tans vinniger as gedurende die voorafgaande drie dekades waartydens ons 'n grootliks post-Koue Oorlog-konsensus – gedryf deur Westerse hegemonie – ervaar het. Globale herskikkings in politieke, ekonomiese en militêre rolle en verhoudings is nou 'n gegewe. Sommige lande ervaar bevolkingsontploffings en andere bevolkingsinploffings. Die eerste is amper almal arm, ontwikkelende lande. Laasgenoemde almal ryk, ontwikkelde lande. Dit veroorsaak die grootste globale bevolkingsverskuiwing in die wêreld se geskiedenis.

Die kombinasie van reusagtige, versnellende ekonomiese veranderinge en risiko's, demografiese verskuiwings en komplekse magsverhoudinge dra by tot burgers in lande regoor die wêreld se onvergenoegdheid met leiers. Tog is daar nog demokratiese samelewings met suksesvolle, gewilde leiers.

Volgens Morning Consult staan die Indiese eerste minister Narendra Modi bo aan dié lys, gevolg deur Claudia Sheinbaum van Mexiko, met Javier Milei van Argentinië derde, en Karin Keller-Sutter van Switserland vierde. President Donald Trump is in die vyfde plek. Sowat 52% van Amerikaners is tevrede met Trump tot dusver, terwyl 38% ontevrede en 10% onseker is. Keller-Sutter geniet 56% steun, Milei 65%, Sheinbaum 66% en Modi 75%. Hierdie vyf leiers is die enigstes met meer as 50% steun onder hulle burgers.

Uit die vyf is Keller-Sutter die onbekendste omdat Switserland 'n unieke regeerstelsel met roterende staatshoofde en 'n sterk konfederale regeermodel volg. Die Switserse stelsel het nog altyd reusesteun

Na bladsy 11

Repliek

Joost Strydom

Vertrek ons na die VSA of Orania?

"Ons verlaat nou die vrugbare land van ons geboorte, waarin ons enorme verliese en voortdurende teenspoed gely het, en betree 'n wilde en gevaarlike gebied." – Piet Retief se Voortrekker-manifes

Is jy gereed om te vertrek?

Ons almal ken die gevoel van vertrek, dus weet iedereen ook hoe die verskil tussen 'n hartseer afskeid en 'n opwindende nuwe vooruitsig voel. Afrikaners het deur ons geskiedenis al beide ervaar. Ons Hugenoot-voorgeslagte moes Frankryk verlaat, die Vryburgers moes Kompanjiegrond verlaat, en ons Voortrekker-voorgeslagte moes die Kolonie verlaat.

Sou ons meer tuis wees in die VSA? Sou ons daar "our people" wees?

Of moes hulle? Iedereen het ook die keuse gehad om nie fisiek te vertrek nie, maar te integreer. Integreer as Rooms-Katoliek en integreer by die Kaapse Engelse, en die probleme kom tot 'n einde.

Soms staan ons by 'n 'n kruispad met twee keuses: vertrek **fisiek** en kom geestelik/kultureel tuis, of vertrek **kultureel** om fisiek uitkoms te kry.

Dit is nie altyd so eenvoudig nie, en sommige kulture oorleef in diaspora, maar dit is die uitsondering wat die reël bewys. Elke vertrek laat die vraag: Wat is daar te wen en wat is daar te verloor? 'n Moeilike vraag, maar daar is meestal by hierdie kruispad nie die opsie van stilstaan nie – die een of die ander moet eenvoudig gekies word.

Die eerste deel van die vraag is dus, net soos met ons voorgeslagte: integreer of migreer? Die tweede deel van dieselfde vraag is: Trek jy **weg** van iets af, of trek jy **na** iets toe? Weg van misdaad en beurtkrag of na vryheid en identiteit?

Geeneen van ons moet in die pad staan van Afrikaners wat kies om die geleentheid aan te gryp wat president Trump hulle gegee het om Suid-Afrika te verlaat nie. Dit is iedereen se eie keuse. Dit is egter nodig om ook te waarsku: Saam met die vertrek word daar tog iets prysgegee en afgelê.

Waar is jy tuis?

Al het ek waardering vir baie ooreenkomste en selfs waardes wat ons plek-plek deel, is ek geen Amerikaner nie. Ek is 'n Afrikaner, en 'n identiteit wat nie van "identifiseer as" afhang nie. 'n Identiteit wat ek gegun is van Bo, soos wat ander weer hulle identiteite gegun is.

Ek voel toenemend minder tuis in Suid-Afrika. Ons almal weet van misdaad, plaasmoorde, beurtkrag, raswette, "Kill the Boer" en veel meer. Ons weet ook dat die president gesê het grond moet geneem word en vir "our people" gegee word. Dit laat geen illusie dat Afrikaners nie in daardie groep tuishoort nie.

Sou ons meer tuis wees in die VSA? Sou ons daar "our people" wees? Of sou ons voor 'n kruispad kom (vroeër of later), waar ons kinders en kleinkinders hulle Afrikanerskap sal moet prysgee en aflê om volwaardig Amerikaners te word?

Dit het my opgeval dat president Ramaphosa nie een keer 'n beroep op Afrikaners gedoen het om te bly nie. Nee, 'n bittere, openbare geveg woed voort, maar nêrens word ons geag om nodig of welkom te wees nie.

'n "Terugkommer" uit Engeland wat nou in Orania woon, het my eenmaal vertel dat hulle gesin met hulle hele hart en siel wou terugkom omdat hulle kultureel so leeg en ontuis gevoel het. Hulle wou nie terugkom Suid-Afrika toe nie, hulle wou terugkom Orania toe – 'n tuiskoms!

Geen vlugtelingstatus in Orania

Ons kan ongelukkig nie op hierdie stadium vlugtelinge in Orania hanteer nie. Die droom is te groot en Orania nog te klein.

Orania is dus nie 'n plek vir vlugtelinge nie, maar 'n plek vir Afrikaners wat kom aanmeld.

Elkeen wat kom aanmeld, moet sekere goed agterlaat. Die gemak van goedkoop vreemde arbeid, byvoorbeeld, en sekere luukshede wat nog hier moet ontwikkel. Dalk ook die voordeel van hoër salarisse.

Elkeen wat in Orania kom aanmeld, wen egter ook iets: die voorreg om te kom bou aan TUISKOMS. 'n Tuiskoms vir ons geloof, ons kultuur, ons taal, en ons eie, vrye toekoms op ons eie voorwaardes. Ons wen ook op ander, meer materiële gebiede: goeie dienslewering, 'n betroubare munisipaliteit, veiligheid, lewenskwaliteit, praktiese vryheid, wonderlike gemeenskap en buurmanskap, en meer.

Elkeen wat in Orania kom aanmeld, wen egter ook iets: die voorreg om te kom bou aan TUISKOMS.

Orania se strategie is nie om 'n hoogs teoretiese "wolkstaat" te bou waar kubergrense

Na bladsy 11

Vertrek ons na die VSA of Orania? (vervolg)

Vanaf bladsy 10

onder 'n kuberregering met kuberwette tot in die dieptes debatteer word nie. Orania het nie die luukse om konstant heen en weer te debatteer oor fyn nuanses van moontlikhede nie – ons bou aan 'n vliegtuig wat reeds in die lug is.

Die doel is om 'n gebied te verkry deur met 'n groeipunt te begin. Die groeipunt is die dorp Orania. Van hier moet die dorp ontwikkel tot 'n Afrikanerstad waar ons identiteit kan tuiskom, terwyl Afrikaners ekonomies ook kan groei. Die volgende strategiese stap is om 'n Afrikaner-streek te maak, met vryheid as eindbestemming.

Orania se boodskap aan Trump?

Dit alles in ag genome het Orania 'n driewoord-antwoord aan Trump: **Help ons hier.**

Dankie vir die aanbod, dankie vir die dringendheid, dankie vir wonderlike erkenning van Afrikaners en die situasie in Suid-Afrika, maar meneer die president, ons Oraniërs stel ons vryheid hoog op die prys.

As ons hier gehelp word, kan ons bou aan 'n oplossing. 'n Oplossing waar ons in ons volkskap tuiskom, terwyl ons bydra tot 'n stabiele streek en stabiele suidelike Afrika.

Erkenning deur die magtige VSA dat Afrikaners 'n unieke etniese groep is, was 'n aangename verrassing. Daarop volg tog 'n logiese volgende stap: erkenning van ons gebied. Dit is ons versoek.

Die VSA se bydrae kan kardinaal wees, en dit is opwindend. Dit is egter nie in hulle hande nie. Indien ons saak reg is, is 'n eie gebied 'n saak tussen ons Skepper en Afrikaners wat hierin inkoop.

Dankie, president Trump! Dankie, VSA!

Maar Afrikaners, wees sterk: Daar's werk.

"*Ons verlaat nou die vrugbare land van ons geboorte, waarin ons enorme verliese en voortdurende teenspoed gely het, en betree 'n opwindende pioniersgebied. Hier sal ons 'n tuiste vir ons mense bou.*" – Is hierdie dalk die teks vir 'n eie Orania Manifes?

**Strydom is die uitvoerende hoof van die Orania Beweging*

Die wêreld in 'n leierskapskrisis: verstaan Trump binne hierdie konteks (vervolg)

Vanaf bladsy 9

onder dié land se burgers meegebring. Sheinbaum is nuut op die toneel, maar vir baie Mexikane ook 'n vars gesig en iemand wat transformerend optree.

Modi, Milei en Trump is egter die drie name waarna ons moet kyk om te verstaan hoe daar op die huidige krisisse in demokratiese lande gereageer moet word. Al drie leiers is populisties, het min sensitiwiteit vir ou politieke taboes, verstaan die noodsaak vir visionêre, transformerende leierskap en herbelyning van globale verhoudinge. Modi se huidige besoek aan Washington staan in die teken van nuwe alliansies. Hou gerus in die volgende maande hierdie drie leiers, en soortgelyke nuwe leiers wat in ander lande na vore mag tree, dop. Die wêreld verander en gaan vinniger verander. Leiers wat omstrede maar visionêr is, gaan die koers bepaal.

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Boer tot bord

Bennie van Zyl

Verstaan die landbou-waardeketting

Het jy al ooit gedink wat dit verg om daardie sny brood op jou bord te kry? Landbou is veel meer as net 'n boer wat gewasse plant of vee aanhou. Dit is 'n komplekse waardeketting wat elkeen van ons daagliks raak. Die boer en die verbruiker vorm die kern daarvan. Sonder die verbruiker (die mark) sal die boer nie 'n afsetpunt vir die voedsel hê nie, en sonder die boer sal die verbruiker nie daardie sny brood op die tafel hê nie.

Die landbou-waardeketting

Die landbou-waardeketting behels belangrike skakels wat noodsaaklik is vir voedselvoorsiening. Boerdery begin deurdat die boer die ander produksiefaktore, insluitende arbeid, kapitaal en natuurlike hulpbronne soos grond en water, saam moet bestuur tot by winsgewendheid. Boere moet beplan en strategies werk om hierdie hulpbronne doeltreffend aan te wend en 'n volhoubare oes of veeboerdery te verseker.

Produksie is net die begin. Nadat gewasse geoes of vee geslag is, moet rou produkte verwerk, verpak en versprei word. Betroubare infrastruktuur, energie en doeltreffende logistiek is nodig, veral vir produkte wat 'n koue ketting vereis, soos suiwel, vleis en groente. Eskom se uitdagings met elektrisiteitsvoorsiening veroorsaak egter groot probleme vir hierdie proses en verhoog produksiekoste aansienlik.

Van die plaas tot die verbruiker

Sodra voedsel verpak is, moet dit versprei word, wat 'n goed georganiseerde vervoerstelsel vereis. Dit is afhanklik van infrastruktuur soos paaie, brûe en beskikbaarheid van brandstof. In Suid-Afrika is swak paaie in landelike gebiede 'n voortdurende probleem, wat boere verhinder om hul produkte vinnig en kostedoeltreffend na markte te vervoer. Skommelinge in brandstofpryse en regulatoriese vereistes verhoog die logistieke koste aansienlik.

Die waardeketting eindig nie sodra produkte in winkels aankom nie. Supermarkte moet voedsel behoorlik stoor, bemark en teen 'n billike wins verkoop. Verbruikers koop uiteindelik die produkte, dikwels sonder dat hulle die kompleksiteit van die proses agter elke item verstaan.

Die werklike kosprys

Wanneer voedselpryse styg, word boere dikwels daarvoor verantwoordelik gehou, hoewel hulle in baie gevalle die kleinste deel van die finale prys ontvang. Die grootste koste lê in vervoer, verwerkingsuitgawes, verpakkingsmateriaal en kleinhandelmarges. Boere ervaar ook voortdurende uitdagings soos klimaatsverandering, droogtes, siektes en wisselvallige marktoestande, wat produksie-uitgawes onvoorspelbaar maak.

Verbruikers se rol

Verbruikers speel 'n sleutelrol in die handhawing van 'n gesonde landbou-ekonomie. Deur plaaslike produkte te ondersteun, help hulle om plaaslike werksgeleenthede te behou en die ekonomie te stimuleer. In 'n era waar goedkoop ingevoerde produkte soms voorkeur geniet, is dit belangrik om te onthou dat plaaslike produkte 'n sleutelrol in volhoubaarheid en voedselveiligheid speel.

Wanneer jy dus inkopies doen, vra jou af: Ondersteun ek 'n plaaslike boer? Dink ek aan die impak van my besluite op die breër waardeketting? Agter elke produk is daar 'n netwerk van mense en prosesse wat daarop gemik is om voedsel op ons tafels te hou.

Boere as 'n land se strategiese bate

Die belangrikheid van boere kan nie oorbeklemtoon word nie. 'n Land se kommersiële boere is een van sy grootste bates. Sonder stabiele voedselvoorsiening sal 'n land ekonomiese ineenstorting en sosiale onrus ervaar, wat ekonomiese aktiwiteite belemmer en alle sektore van die samelewing beïnvloed.

Daarom is die bekende kennisgewingborde wat oor die land deur TLU SA opgerig is met die woorde "Het jy vandag geëet? Bedank die boer en sy werkers" so relevant. Boere werk hard en loop beduidende risiko's om voedsel te produseer, dikwels te midde van uitdagende omstandighede. Dit is slegs deur die genade en seën van ons Hemelse Vader dat hul arbeid suksesvol is, maar dit verg ook toewyding en daadkrag om die hele waardeketting aktief te hou.

Die landboubedryf word ondermyn deur verskeie eksterne faktore. Grondeise en onsekerheid oor eiendomsreg skep onsekerheid onder boere. Swak infrastruktuur, soos onbegaanbare paaie, verhoog logistieke koste en verliese. Veiligheidskwessies soos plaasaanvalle en diefstal van produkte vererger die uitdagende omstandighede waaronder boere werk.

Ten spyte van hierdie uitdagings, bly Suid-Afrikaanse boere volhardend. Hul deursettingsvermoë en innovasie verseker 'n bestendige voedseltoevoer vir die land.

Hoe ons 'n verskil kan maak

Elke individu het die vermoë om 'n positiewe bydrae te lewer. Of dit nou is deur plaaslike produkte te koop, boere se belange te ondersteun, of bewustheid oor hul uitdagings te verhoog, ons almal speel 'n rol in die volhoubaarheid van die landboubedryf. Deur boere te laat "leef," help ons Suid-Afrika ook om te "leef".

**Bennie van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA.*

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Ons het julle gevra wat julle reaksie is op die Amerikaanse president, Donald Trump, se aankondiging dat Afrikaners om asiel in die VSA kan aansoek doen.

Susan Steenkamp Wilsenach

Ek bly, maar hopelik gaan die ANC iewers ver heen

Johan Loock

Asiel is goed om toegang toe te hê, maar ek wil vry wees in my eie land onder my eie mense. Eerder op 'n mishoop tussen my volk, as in 'n paleis tussen vreemdes, soos Christiaan de Wet gesê het. Dis vir ons baie moeilik gemaak, maar dis glad nie onmoontlik nie.

Deon Kotze

Bly. Beslis. Maar Kanton Oraans moet amptelik erken en aanvaar word. Dan wag groot dinge op die Afrikaner.

Johan van Drimmelen

Bly en baklei as jy hoegenaamd kan, sekerlik, maar moet om hemelsnaam nie enige deure vir andere (en dalk jouself) toemaak nie!

Daar is brose mense, kinders, vrouens en oumense (ook jou eie familie en geliefdes), en later dalk selfs jyself, wat dalk tydelik van veilige ondersteuning en rugsteun van enige aard gebruik sal moet maak.

Chris Cilliers

Ek gaan nêrens. Ek is hier gebore en my oorlede ouers ook. Dit is net soveel my land as enige ander persoon s'n.

Mimpie Espag

Ons het oud geword hier. Ons seun het getrek Nederland toe. Hul is baie gelukkig daar. Ons kleinkinders sal seker ook maar na ander lande trek. Die hele opset in SA is erg negatief. Dié wat werk het, werk baie hard vir swak vergoeding en voordele, terwyl die base gereeld oorsee gaan.

Bürnadette Fick

Vir mense met ondervinding of kwalifikasies wat weerhou word daarvan om aanstellings te kry, oorweeg die geleentheid. Weet net jy gaan met jou oornagtassie met klere.

Chrizane Steyn

Om n Afrikaner te wees, beteken nie mens moet bly in Afrika waar hulle ons taal en mense wil doodsmeer nie.

As dinge so aangaan, gaan Afrikaans nie meer in skole toegelaat word nie. Of ek Afrikaans in SA of VSA praat, ek en my gesin sal die taal aan die lewe hou.

Die groot vraag is waar ons en ons kinders se toekoms veilig is.

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na james@pretoriafm.co.za.

GOD IS BETROKKE IN JOU LEWE, SELFS IN JOU DONKERSTE UUR

Ds Liesel Krause-Wiid
– NG Familiekerk Kameeldrift

Daar word vertel van 'n jong man wat smoorverlief was op 'n jonge dame. Hy het lank gesukkel om die moed bymekaar te skraap om haar uit te vra. Op 'n dag het hy die groot stap geneem en gevra of sy saam met hom op sy seilbootjie sal gaan vaar op 'n nabygeleë dam. Sy het sowaar ja gesê! Op die bootjie het hy gesukkel om van die wal af weg te kom. 'n Paar tieners op die wal van die dam het hom begin spot en gesê: "Waarom vaar jy nie bietjie dieper die dam in met jou meisie nie?"

Die jong man roep toe uit: "Ek het so bietjie wind van voor nodig!"

Wanneer ons praat van "die wind van voor", klink dit na moeilikheid en swaarkry. Maar soms het ons die wind van voor nodig om vorentoe te beweeg.

Baie keer laat uitdagings in die lewe en matige stres ons juis groei.

Boonop weet ons as kinders van die Here dat alles vir ons ten goede meewerk! En wanneer Romeine 8:28 praat van ten goede meewerk, beteken dit nie dat alles volgens mý plan en mý wil gaan uitwerk nie, nee!

Ten goede meewerk beteken dikwels eerder dat dit wat met my gebeur en die uiteinde daarvan my meer en meer na Jesus se beeld vorm.

Ten goede meewerk beteken gewoonlik dat ek leer van volharding en om God te vertrou. Dat ek in die proses nader aan God beweeg!

Ten goede meewerk beteken dat ek die ewige lewe beërwe.

Ek hou daarvan om in uitdagende en moeilike tye myself te herinner daaraan dat God by my is!

Ek sê dit sommer 'n paar keer 'n dag hardop vir myself: Ek vertrou U, Here. Ek verstaan dalk nie wat nou met my gebeur nie, maar ek weet U is by my en ek weet U het vir my die heel beste in gedagte.

Ek sê vir God dankie vir die insig wat Hy my gee in swaar tye, ek sê vir die Heilige Gees dankie vir sy bemoediging.

Ek kyk terug oor my lewe en onthou hoe Hy in die verlede altyd daar was vir my. En dit laat my moed skep. Want ek weet: Hy is gister, vandag en more dieselfde, Hy hou my en my toekoms veilig in sy hand.

Luister elke weeksoggend na 7voor7 in Klankkoerant op PretoriaFM.

Manlike hoofrol in *Semi-soet – die musiek-blyspel* bekend

Redaksie

Bobby van Jaarsveld sal die manlike hoofrol in *Semi-Soet – die musiekblyspel* vertolk. Die sanger van treffers soos "My alles" en "'n Vrou wil dit hoor", sal die verhoog deel met Anel Alexander, wat die vroulike hoofrol in die rolprent met dieselfde naam vertolk het.

Volgens 'n verklaring trek dié storie oor 'n selferkende werksverslaafde, wat die advertensiemaatskappy waarvoor sy werk met 'n wilde, halsoorkop plan van ondergang wil red, 'n nuwe én musikale baadjie vir die teaterproduksie aan. Alexander vertolk, soos in die gelyknamige lokettreffer, weer die vroulike hoofrol en sal hierdie keer die Vryersvoetpad, te midde van skreeusnaakse oomblikke, saam met Van Jaarsveld aandurf.

Dit is die eerste keer dat dié twee kunstenaars saam 'n projek aanpak. Tog het Van Jaarsveld skynbaar reeds beloof dat hy hard oefen om "swaar meisies te abba en van varke af weg te hardloop".

Bobby van Jaarsveld en Anel Alexander tydens die oudisies. (Foto: Verskaf)

Semi-Soet – die musiekblyspel is 'n AfriForum-produksie en word in samewerking met Inhoud Huis Musiek aangebied. Die draaiboek is gebaseer op die oorspronklike rolprent, wat geskryf is deur Sandra Vaughn en Anel en James Alexander, met splinternuwe musiek uit die pen van Johan Vorster en Jacomien de Wet. Jannes Erasmus gaan weer in die regisseurstoel sit. Dié gesoute driemanskap het al verskeie treffermusiekteaterproduksies, insluitende *Die Gelofte* en *Die Kaplyn*, die lig laat sien.

Semi-Soet – die musiekblyspel kom in Mei op die planke by die AfriForum Teater in Pretoria. Dit is 'n AfriForum-produksie en word in samewerking met Inhoud Huis Musiek aangebied. Kaartjieverkope open binnekort. Hou www.SemiSoetMusiekblyspel.co.za dop vir meer inligting.

Moedertaal, O Soetste Taal met woord en lied

Op Internasionale Moedertaaldag, 21 Februarie 2025, word Afrikaans met 'n spesiale fokus op moedertaalonderrig gevier. *Moedertaal, O Soetste Taal met woord en lied* word gelei deur Elma Potgieter, Coert Grobbelaar en Rina Francis. Dit vind plaas in die AP Kerk Moot Sentraal in Moregloed, Pretoria, op die hoek van Ben Swart- en Japonicastraat. Die vertoning begin om 19:00. Kaartjies beloop R100 per persoon en laerskoolleerlinge kry gratis toegang. Skakel 071 896 1323 vir meer besonderhede.

Dié reeks oor regsgeskiedenis kyk ver terug

Redaksie

Die gewilde program Regsgesprek op Pretoria FM kan elke Dinsdagoggend om 11:30 op Pretoria FM gehoor word. In dié program, wat deur Sarina Bosman aangebied word, praat regskenners oor interessante ontwikkelinge in die reg. Vanjaar is daar afgeskop met 'n reeks oor die geskiedenis van die reg waar Bosman met die prokureur Graeme Polson oor die oorsprong van die regstelsel gesels. Bosman sê hy kyk na die hunkering na reg en geregtigheid wat al van voor Christus se tyd by die mens bespeur is, en hoe vorige ryke reeds sekere beginsels van die moderne reg begin toepas het. Die tweede episode in die reeks van vier is vandeesweek uitgesaai. Volgende week word daar gekyk na die Romeins-Hollandse reg soos dit in Suid-Afrika ook toegepas word, terwyl die laaste episode oor ruimtereg en nuwe wetgewing wat daarvoor geskryf moet word, sal handel. Die reeks kan ook op Pretoria FM se YouTube-kanaal gekyk word.

Pretoria FM vier Wêreldradiodag met bekendes en nuwe stemme

Janey en Waney het luisteraars selfs gehelp om die grootste verkeersprobleme te vermy.

Elandré Schwartz agter die mikrofoon.

Redaksie

PRETORIA – Wêreldradiodag, wat jaarliks op 13 Februarie gevier word, het vanjaar by Pretoria FM nuwe betekenis gekry toe bekendes en opkomende radiotalent agter die mikrofoon ingeskuif het. Die dag is afgeskop met die gewilde sanger Elandré wat net ná 08:00 sy stem aan die program "Agt-tot-tien-kantien" geleen het. Sy diep radiostem en natuurlike aanvoeling vir die medium het luisteraars aan sy lippe laat hang.

Die opwindende dag het voortgegaan met 'n spesiale segment in "Soggens met Sarina", toe nege jongmense tussen die ouderdom van 5 en 13 hul radiodebuut gemaak het. Hierdie jong sterre het die program oorgeneem en luisteraars vermaak met hul spontane energie en vars perspektiewe. Volgens Sarina Bosman, programkoördineerder by Pretoria FM, was dit 'n unieke manier om kinders bloot te stel aan die uitsaaiwêreld. "Hulle het dit met soveel selfvertroue aangepak. Wie weet, dalk is een van hulle die volgende groot stem in radio," het sy met 'n glimlag gesê.

Later die middag het die TikTok-komediesterre, Janey en Waney, die mikrofoon oorgeneem in "Annigang met Antowan". Die duo, bekend vir hul skreeusnaakse aanlyn inhoud, het luisteraars behoorlik laat skaterlag. Tog het die ervaring hulle opnuut respek laat kry vir die uitsaaiwese. Jana Jooste, oftewel Janey, het tydens die program gesê: "Dit is moeiliker as wat ek gedink het!"

Tydens "Huis Toe" het die sanger en televisieaanbieder Willem Botha kragte saamgesnoer met netbalster Vanes-Mari du Toit om die laatmiddagprogram aan te bied. Beide het al ervaring voor die kamera opgedoen, maar kan hul uitsaai? "Ek het gedink dit sou maklik wees, maar radio is 'n perd van 'n ander kleur! Jy het geen visuele hulpmiddels nie – jy moet alles deur jou stem oordra," het Botha erken. Du Toit het bygevoeg: "Dit was 'n ongelooflike ervaring. Die vermoë om met luisteraars te skakel sonder om hulle te sien, is iets besonders."

Carlé Brecher breek waarskynlik die rekord as een van Pretoria FM se jongste omroepers.

Sarina Bosman verduidelik 'n uitsaaitegniek aan Gabby du Randt.

Dié inisiatief van Pretoria FM was gemik daarop om "gewone" mense bloot te stel aan wat regtig agter die skerms van 'n radiostasie gebeur. Bosman het verduidelik dat daar steeds wanpersepsies oor radio bestaan. "Baie mense dink dis sommer net 'n gepraat voor 'n mikrofoon, maar daar is soveel meer aan uitsaaiwerk. Die ware krag van radio lê in die omroeper se vermoë om mense deur woorde en klank na 'n verbeeldingswêreld weg te voer. Dit is 'n kuns én 'n tegniese vaardigheid."

Pretoria FM se Wêreldradiodag-vieringe het dus nie net vermaak nie, maar ook insig gegee in die harde werk en kreatiwiteit wat dit verg om 'n radiostasie te laat funksioneer. "Ons wou mense laat ervaar hoe dit voel om regstreeks op die lug te wees – die opwinding, die adrenalien en die verantwoordelikheid om met duisende mense gelyktydig te kommunikeer," het Bosman afgesluit.

Met soveel entoesiasme en talent wat op dié dag na vore gekom het, is dit duidelik dat die toekoms van radio – en die liefde daarvoor – steeds sterk voortleef.

Wil jy graag gewig verloor?

Leef gesond met Slender Wonder.

Voor	Na	Voor	Na

Slender Wonder is 'n mediese gewigverlies program wat slegs deur ons geakkrediteerde netwerk van Slender Wonder dokters aangebied word.

Ons fokus op die oorsaak van vetsug en nie net die simptome nie. Of jy nou 5kg het om to verloor of 50kg, is Slender Wonder die gewigsverlies program wat jou gaan help om jou doelwit te bereik.

Slender Wonder

WHATSAPP PRETORIA NA 064 879 7856

VIR MEER INLIGTING

0860 753 633 | WWW.SLENDERWONDER.CO.ZA

THESUNPAYS

450W / 550W
580W / 630W
Panele

Vanaf
R2.85/W
BTW in

Sacolar 5kVA
/ 5kW 48V
Omsetters

5kW Vanaf
R4,995.00
BTW in

48V, 100Ah, 4.8kWh /
5.04kWh Lithium ioon
batterye

R12,595.00
BTW in

+27 12 734 0915
info@thesunpays.co.za
shop.thesunpays.co.za
1069 van Rooyen St, Rayton, 1001

Onder redaksie van Mari Oosthuizen

Juffrou gryp in om leerling se Midmar-droom 'n werklikheid te maak

'n Graad 8-leerling aan die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein wou graag aan die onlangse Midmar Myl-swemkompetisie deelneem, maar sy moes 'n gids hê om haar te lei omdat sy slegs 10% sig het. In 'n video wat die skool gedeel het, vertel Terina Retief dat sy 'n genetiese siekte het wat as Keëltjie-Stafie-distrofie bekend staan. Keëltjies en stafies is selle wat agter die retina in die oog sit, en distrofie beteken dat dit skade gekry het.

Terina se ma, Esmari Retief, het verduidelik dat Terina nie as 'n siggestremde geklassifiseer is nie, hoewel sy wettig blind is. Volgens Esmari is die wêreldreëls om as siggestremde te mag deelneem, baie streng. Sy meen daar is geen middeweg vir kinders wat, soos Terina, net buite die klassifikasie vir visueel gestremde swemmers val nie. Sy het in die Midmar Myl deelgeneem vir persone met geen gestremdhede nie, maar weens die son wat op die water weerkaats, was haar ouers en skool bekommerd dat sy nie aan die ander kant sou uitkom nie.

Daarom het juffrou Mioné Marais besluit om in te gryp en om Terina te begelei sodat sy haar weg na die eindstreep kon vind. Marais verduidelik dat sy rugslag geswem het sodat sy Terina kon dophou, en het haar met haar stem begelei. "Dit was vir my 'n groot voorreg en spesiaal om die swem saam met Terina te kon aanpak." Die twee kon selfs daarin slaag om onder 40 min te swem en het die 1,6 kilometer-resies in 37 minute voltooi.

Terina sê sy probeer alles, en het van kleins af aan verskillende sportsoorte deelgeneem. Vir haar is die belangrikste dat mense haar nie as anders beskou nie. Kyk hier na die video vir die volledige storie

Terina Retief word deur onderwysers by die eindstreep ingewag
Foto: Verskaf

Terina Retief en juffrou Mioné Marais voltooi die Midmar Myl.
Foto: Verskaf

Affies-meisies maak geskiedenis in die water

Vir die eerste keer in die 105 jaar geskiedenis van Afrikaanse Hoër Meisieskool kon dié skool se swemmers onder hulle skool se naam deelneem. 20 meisies het aan die naweek se Midmar Myl deelgeneem.

Die skool het in 'n plasing op sosiale media geskryf: "Ons is ongelooflik trots op hierdie pioniers wat met deursettingsvermoë en spangees die waters aangedurf het. Mag hierdie prestasie die begin wees van 'n nuwe tradisie, waar jaar ná jaar nóg Affies die uitdaging aanvaar en ons skool se naam met trots in die swemgemeenskap laat weerklink."

Affies swem: Die 20 leerlinge aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria wat aan die Midmar Myl deelgeneem het. Foto: Facebook.

Valentyns-"sokkie" kry nuwe betekenis

Dit is Valentynsdag en talle skole vier dit reeds die hele week. Die foto van hierdie snaakse sokkies is by die Laerskool Unika in Johannesburg geneem.

Foto: Laerskool Unika

Het jy skolenuus wat jy graag in Nuusweek wil plaas?
Stuur jou skolenuus na mari@klankkoerant.co.za

Hoërskool Garsfontein vier 37 jaar

Redaksie

In 1988 open Hoërskool Garsfontein se deure met slegs 310 leerders in standerd 6 en 7. Vandag, 37 jaar later, spog dié skool met ongeveer 1900 leerders in graad 8 tot 12.

Gedurende die afgelope 37 jaar het Hoërskool Garsfontein homself gevestig as nie net 'n toonaangewende skool in die ooste van Pretoria nie, maar ook die land. Hoërskool Garsfontein is 'n skool van uitnemendheid met 'n verbintenis tot volhoubare prestasie en die skep van 'n dinamiese en ondersteunende leeromgewing.

Die skool se jaarlikse matriekuitslae is 'n bewys van die erns waarmee daar met leerders se akademie omgegaan word. Die skool spog wéér in 2024 met 'n 100% slaagsyfer! Spesialisonderwysers met 'n passie vir hul vakgebied stap die pad saam met leerders om te verseker dat hulle na vyf jaar die wêreld kan instap, gewapen met die nodige kennis en vaardighede.

Hoërskool Garsfontein is ook 'n kragtige opponent op die sportveld. Sedert 1993 neem die skool in die A-bond van alle groot sportsoorte deel. Die sportfasiliteite is die afgelope 37 jaar opgebou en uitgebrei. In 2015 word die skool se astro-hokkieveld opgerig en die ultra-moderne gimnasium word in 2020 geopen. Sedert die skool se ontstaan is meer as 16 Noordvaal-titels, in verskeie sportgebiede, ingepalm.

Op kultuurgebied kan leerders kies uit ongeveer 15 kultuuraktiwiteite. Die Kultuursentrum, wat in 2020 amptelik geopen is, bied 'n plek waar leerders kan sing, dans en optree. Die jaarlikse musiekblyspel is 'n hoogtepunt op die skoolkalender en word in 'n professionele teater aangebied.

By Hoërskool Garsfontein word daar ook omgesien na die leerders se emosionele welstand. By Professionele Ondersteuningsdienste is daar twee voltydse opvoedkundige sielkundiges en 'n maatskaplike werker wat die nodige ondersteuning aan leerders bied.

Die skool se leuse, Bou en Bewaar, word met trots deur leerders, onderwysers, ouers en alumni uitgeleef. Die skool se suksesse is 'n sprekende voorbeeld van die fondasies wat sedert 1988 gelê is, waarop daar sedertdien gebou word en wat deur alle toekomstige Garsies bewaar sal word.

Hoërskool Garsfontein is voorwaar 'n skool wat in die toekoms as simbool van voortreflikheid sal bly voortbestaan.

Maar ten spyte van die uitdagings, weerklink die boodskap wat hy in standerd 9 aan die HTS Ligbron in Ermelo gekry het steeds by hom: "Kos is altyd nodig, ons boere is altyd nodig."

BOERBOEL
WEAR
Sterk genoeg vir werk. Mooi genoeg vir Kerk.
www.boerboelwear.co.za

Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

UFC

Dricus du Plessis het Sondagoggend sy UFC-middelgewigtitel suksesvol teen Sean Strickland in Sydney, Australië, verdedig.

Die beoordelaars het ná vyf rondtes in du Plessis se guns beslis met 50-45, 50-45 en 49-46.

Tydens die mediakonferensie ná afloop van die geveg, het du Plessis gesê hy wil volgende met die Rus Khamzat Chimaev afreken.

Die geveg teen Strickland is Du Plessis se negende agtereenvolgende oorwinning in die middelgewig-afdeling.

Rugby

Ondersteuners kan uitsien na 'n besige naweek in die Verenigde Rugbykampioenskap, met plaaslike spanne wat mekaar die stryd gaan aansê.

Saterdag om 14:30 is die Emirates Lions gasheer vir die DHL Stormers in Johannesburg, gevolg deur die Vodacom Bulls teen die Hollywoodbets Sharks op Loftus Versfeld om 17:00.

Op Maandag 17 Februarie skop die immer gewilde Universiteitsbeker af, met agt spanne wat oor die volgende nege weke om die gesogte titel gaan meeding. Tuks, wat in 2023 na die Skildliga gerelegeer is en verlede jaar koning gekraai het in dié liga, sal vanjaar weer in die Bekerliga te sien wees.

Volgens Conrad Boshoff, die hoof van programme by Tuks-rugby, is daar groot opgewondenheid in die span om weer in die Bekerliga deel te neem.

Maandag se wedstryde vind soos volg plaas: 16:45: Ikeys teen NWU-Arende; 19:00: Maties teen Shimlas; Wits teen Tuks en UJ teen CUT Ixias.

Nog nuus uit rugbygeledere is dat die voormalige Springbok Frans Steyn vroeër die week aangewys as die hoofafrigter van die Toyota Cheetahs vir die opkomende SA Bekertoernooi wat volgende maand begin. Steyn neem die leisels oor by Izak van der Westhuizen, wat van nou af die voorspelerafrigter sal wees. Die oud-Bok Ruan Pienaar vorm deel van die trio as die agterlynafrigter.

SA20

MI Cape Town het Saterdag op die Wanderers-stadion in Johannesburg hul eerste SA20-titel gewen ná 'n oortuigende 76-lopie oorwinning oor die Sunrisers Eastern Cape.

MI Cape Town het die loot gewen en 181/8 in hul 20 boulbeurte aangeteken. Sunrisers Eastern Cape het gesukkel om momentum te kry, en is vir 105 lopies uitgeknikker.

Intussen is die volgende drie seisoene van die Betway SA20 aangekondig, met seisoen 4 wat geskeduleer is vir 26 Desember 2025 tot 26 Januarie 2026, aangesien daar geen internasionale toetskrieket op eie bodem plaasvind nie en die T20-wêreldbeker in Februarie 2026 plaasvind.

Seisoen vyf sal plaasvind vanaf 9 Januarie 2027 tot 14 Februarie 2027 en seisoen 6 vanaf 9 Januarie 2028 tot 13 Februarie 2028.

Netbal

Die Spar Proteas moes Sondag tevrede wees met 'n silwer medalje ná hulle in die eindstryd van die Vitality-netbalnasiebekerreeks in London teen Engeland verloor het.

Die eindtelling was 61-55 in Engeland se guns.

Uganda het derde geëindig ná 'n 50-45 oorwinning oor Malawi in die uitspeelwedstryd.

Begrafnisse met sorg, deernis en waardigheid

sonjasmith®

Elite Funeral Group

Since 2006

★★★★★

Tel: (079) 895 4414 (24/7)

info@ssfg.co.za